**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*
*In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXVI VRYDAG, 27 AUGUSTUS 1971 Nr. 13

( 'HET
'TEI
**Groot genoeg om u te bedien.**
**Klein genoeg om u te ken.**
★
**DIE STUDENTE-APTEEK**

# VERKIESING

## KANDIDATE VIR S.R.-VOORSITTER



**L. M. (LOURENS) DU PLESSIS**
Ll.B. I (1968).

1969 Penningmeester Korps Veritas Vincet.
A.B.K.K. — Retoriek.
Sekretaris-penningmeester en Nuusredakteur van „Die Wapad".
1970 Studenteraadsverteenwoordiger Korps Veritas Vincet.
Voorsitter — Korps Veritas Vincet.
A.S.B. komitee.
1971 Studenteraadsverteenwoordiger — Korps Veritas Vincet.
Voorsitter — Korps Veritas Vincet.
Sekretaris — Studenteraad.
Sekretaris — S.A.B. (Ex officio).

**Beleidsverklaring:**

Uitgaande van die beingselgrondslag wat aan ons universiteit sy unieke karakter verleen en wat terselfdertyd vir ons as lede binne die organiese struktuur van die universitêre opset 'n eiessoortige vryheid en vitaliteit impliseer, glo ek dat die volgende as beleidsriglyne binne ons studentegemeenskap moet dien:

1. Waar dit daarom gaan dat die Studenteraad primêr 'n belangebehartigende liggaam is, moet, ten einde inhoud te verleen aan hierdie funksie, ook die belange van die individu tesame met die belange van die individuele vereniging en m.i. ook die belange van die individuele koshuis gehandhaaf word. In praktyk beteken dit dat

1.1) die Studenteraad nooit alle inisiatief op die kampus mag monopoliseer nie;

1.2) die Studenteraad geen outokratiese instelling onder die dekmantel van gesagsdelegering kan wees nie;

1.3) die spesifieke belangstelling van elke individu soos wat dit in sy spesifieke belangstellingsgroep tot uitdrukking kom, slegs d.m.v. die beskerming van die Studenteraad 'n geleentheid gebied behoort te word vir verdere ontwikkeling deur die aanwending van individuele of engere groepsinisiatief;

1.4) 'n gesonde koshuis-, fakulteits- of verenigingsgees nie sonder meer af te maak is as iets uit die bose nie maar dat dit juis 'n noodsaaklikheid is vir bloei in die studentelewe mits ons maar net nie vergeet dat lojaliteit aan die universiteit al hierdie dinge oorkoepel en insluit nie. Ek vereenselwig my ten volle met die beleid van vorige Studenteraadsvoorsitters insake skakeling met koshuise.

2. Ek glo verder dat elke student positief krities ingestel moet wees teenoor die werksaamhede van die Studenteraad aangesien dit m.i. die belangrikste bron is waaruit die Studenteraad die sukses van sy werksaamhede kan evalueer.

3. Op interuniversitêre vlak het die Puk nog altyd 'n baie belangrike rol gespeel en alle aanduidings is dat daardie rol nog lank nie uitgedien is nie. Primêr moet ons egter steeds onthou dat dit hier eintlik maar gaan om die behartiging van die belange van die individuele Pukstudent op 'n meer uitgebreide vlak. Vir hierdie doel moet

3.1) die Puk steeds sy gewig ingooi by die A.S.B. met dien verstande dat die A.S.B. nie die outoriteit is wat aan ons kan kom voorskryf hoe ons ons huishoudelike aangeleenthede moet reël nie maar dat dit in die A.S.B. primêr daarom gaan dat hy 'n liggaam is op nasionale vlak wat diegene bymekaarbring wat bymekaar hoort;

3.2) skakeling met anderstaliges (veral Wits) en andersvolkiges (veral Turfloop) voortgesit word ten einde die terrein vir elke individuele vereniging hier plaaslik te ontgin.

In al hierdie dinge weier ek om op my eie gebrekkige kragte te steun.



**A. P. KRAAMWINKEL (ALWYN).**
Honns. B.Com.

1969 Voorsitter van Nasionale Skakelkomitee van handelstudente.
Nasionale Handelstudentekomitee (Puk verteenwoordiger).
A.S.B. Kongres (Waarnemer).
Reklamekomitee.
1970 A.B.K.K.-Hoofbestuur.
Over de Voor-Huiskomitee.
Reklamekomitee (Voorsitter).
Ekonomiese Vereniging (Voorsitter).
Thalia Bestuur.
A.B.K.K.-Interkoshuiskomitee.
Sentrale Karnavalkomitee.
A.S.B. Kongres (Waarnemer).
Virus Administratief.
1971 Studenteraad — Dagbestuur (Addisionele lid).
A.S.B. Hoofbestuur.
A.B.K.K. Hoofbestuur (Ondervoorsitter).
Primarius — Over de Voor.
A.S.B. Leier van Pukafvaardiging.
A.B.K.K. Interkoshuiskomitee (Ondervoorsitter).
A.S.B. Komitee — Voorsitter.
1972 A.S.B. Uitvoerende komitee van die hoofbestuur.
Direkteur Departement Afrika — Aangeleenthede.

**Beleidsverklaring:**

1. Die grondslag en beginsels soos gepositiveer deur hierdie universiteit is ook die waarop en my stel.

2. Rakende interne studenteaangeleenthede is my beleid gerig op aanpassing by 'n snelgroeiende studentegemeenskap met die voorbehoud dat 'n eie karakter bewaar word.

3. Met betrekking tot koshuisaangeleenthede moet met die nodige koordinasie 'n duidelike omlyning plaasvind van die vlakke van kompetisie en die vlakke van samewerking tussen die koshuise.

4. Op die terrein van nasionale studentepolitiek moet reeds bestaande bande versterk word om sodoende die studentegemeenskap van hierdie universiteit in staat te stel om ook sy roeping te vervul binne die opset van nasionale student wees. Ek sien die Afrikaanse studentebond as die mees geskikte medium vir die uitleef van Afrikaner- en Pukwees.



**S. J. (KOBUS) VAN DER WALT.**

1967 Th. B. II.
1968 A.O.B. (sekretaris).
K.V.V.
Florna (sekretaris).
Alabama.

● **Vervolg op bladsy 3.**

## *Waar en wanneer kan u stem?*

U kan op Woensdag 1 September u stem uitbring in die Totiussaal vanaf 10 vm tot 7 30 nm By die invul van u stembriefie moet u let op die wyse waarop u die stembriefie moet voltooi, 'n verduideliking hiervan verskyn op elke stembriefie moet voltooi is, het dit gee ngeeldigheid en word dit vernietig

Indien enige onduidelikheid bestaan, moet u asseblief vir die persone op diens by die stembusse raad vra

## *Vir wie kan u stem?*

A.

1 **Voorsitter van die Studenteraad:**

Alle persone wat stemreg het op een van die volgende hoofliggame naamlik: S A B , P N B , K V V , A B K K , en S S B mag stem vir S R Voorsitter U kan uself vergewis of u stemreg het deur die stemreglyste na te gaan

2 **S.R.-Verteenwoordigers van A.O.B.:**

Die vereistes is presies dieselfde as by 1 , met ander woorde u het A O B stemreg indien u vir enige van die volgende hoofliggame stemreg het; S A B , P N B , K V V , A B K K en S S B

3 **S.R.-Verteenwoordigers van P.N.B., K.V.V., S.S.B., A.B.K.K en S.A.B.:**

Alle persone wat stemreg het vir een van die hoofliggame mag stem vir die S R -Verteenwoordigers van daardie hoofliggaam U kan slegs stem by die hoofliggaam of hoofliggame waar u naam op die stemreglys verskyn


B. **HOOFLIGGAME:**

Z. **A.O.B.:**

Alle persone wat kan stem in die Studenteraadsverteenwoordigers van A.O.B. kan ook stem vir die hoofbestuur van die A.O.B.

2. **S.A.B.-, P.N.B.-, K.V.V.-, A.B.K.K.- en SIS.B.-besture:**

Alle persone wat stemreg het vir die studenteraadsverteenwoordigers van die betrokke hoofliggame kan vir die bestuur van die hoofliggaam stem.



**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
**STUDENTE APTEEK**




*KOM ons begin met die geykte uitdrukkings. Dan sou ons moes sê: More deel hulle weer sigarette uit. Of, kyk na al die glimlagte. En wat van al die gunsies? Dit is die geykte terme.*

*Ek kan ook maar nie op die kantlyn sit en loer na die bedrywige liggame en opgewonde oë nie. Ek sien hulle more weer. Almal Die wat gaan stem en die vir wie gestem gaan word. Die wat seker is van hulle saak en taak en die wat sommer in die arenaingespring het. Die wat kwaad is oor stemreg en kleurbaadjies en reëls en die Studenteraad. En die wat blindelings goedpraat.*

*Kan u hulle ook sien? Diegene wat net effens te hard praat; of effens te breed glimlag of te stil sit?*

*Maar dit is nie verkeerd nie, ook nie 'n teken van swakheid nie. Dit is deel van die spel. Almal wat iets wil doen en van plan is om dit reg te kry loop daardie paadjie. En algaande leerd men. Die wat dit nie nou doen nie, sal dit ook nielater doen nie, of later met veel meer moeite doen*

*Dit is net die wat iets onderduims in die mou voer wat nie moet glimlag of bombasties raak nie Niemand kan sy eie meriete in die oë van ander beter meet as diegene wat agter daardie oë staan nie En as hulle die regte maatstaf gebruik en wegbly van koshuisisme, kerkisme, ens, dan sal die regte mense wel beland waar hulle moet beland Al wat nodig is, is 'n bietjie verantwoordelikheid — van alle kante*

BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
BY VOORKEUR

CACHET MODES
DIE DAMESWINKEL
bied u
SOMERMODES
wintermodes
ONDERKLERE
broekkouse
TOMSTRAAT 92









# ONS STEL BEKEND

Na 'n afwesigheid van byna drie jaar het doktorandus S. J. du Plessis terug gekeer na sy Alma Mater. Mnr. du Plessis het gedurende 1968 na Duitsland vertrek vir verdere studie.

Sy akademiese loopbaan het aan die Grenslaerskool in Oos-Londen begin. Hy voltooi ook sy hoërskool loopbaan in die dorp aan die Grenshoërskool.

Aan die P.U. vir C.H.O. behaal hy sy B.A. en L.L.B. grade en gee klas hier vanaf 1966 tot 1968.

As student was mnr. du Plessis drie jaar op die S.R., 1964 en 1965 was hy S.R. voorsitter.



November 1968 vertrek hy en sy vrou oorsee. Hy studeer aan die Max Blanck Instituut in Hamburg met die oog op sy D. Jruis graad in Internasionale Privaatreg. Hy het tans al aan al die vereistes voldoen en ook sy proefskrif voltooi. Gedurende Januarie keer hy terug na Hamburg om die mondeling af te lê.

Vanaf 1972 sal doktorandus du Plessis Internasionale Privaatreg doseer. Tans is hy net hulp dosent iom die drukte wat daar in die regte fakulteit heers, te help verlig.

# Tuks kry beker

Die eerste inter tussen die Beplannerstudente van die Puk en die van Pretoria het onlangs by die Potch-dam plaasgevind.

Die verrigtinge was elfuur die oggend reeds in volle swang en almal was in 'n jolige stemming. Die sportverrigtinge is deur die Tukkies oorheers. Die dag is op gesellige toon afgesluit met 'n braaivleis.

Die voorsitter van die Tuksstudente het die wisselbeker van Professor Potgieter ontvang. Hierdie beker is deur die Puk-Beplannersvereniging geskenk.

Soortgelyke jaarlikse kragmetings word in die vooruitsig gestel.

Mans- en Dameshaarkapper
★ Alles vir die roker
★ Alle Toiletbenodigdhede
Eienaar:
G. Schoonhoven
Besigheid: Tomstraat 86b.
Woning: Holtzhausenstr. 20.
Baillie Park.
TEL. 5136
Na-ure 6056

die WAPAD

# Is hulle verteenwoordigend?

More sal die stemregtigde deel van die studentemassa besluit wie vir die volgende termyn die leisels in die hande moet neem op Studenteraadsvlak, in die hoofliggame en ander organisasies. Sommige Besture is reeds aangewys sodat die Studenteraadsverkiesing in die fokuspunt sal staan.

Die afgelope tyd het gebeure onder andere op die Witskampus aangetoon dat die demokrasie daar so verstaan word dat ten minste 'n bepaalde hoeveelheid studente moet stem alvorens 'n verkiesing **demokraties** is.

Op die Puk was dit nog altyd so dat slegs 'n klein deel van die massa stemreg besit.

En van hierdie groep bring ook nie almal hulle stemme uit nie. Beteken dit nou dat die aangewese Studenteraad nie demokraties verkies is nie?

Die basiese fout lê daarin dat die een groep aanvaar dat alle mense as mense stemreg moet kan uitoefen, ongeag enige verantwoordelikheidsaspek daaraan gekoppel. Op die PUK kan alle studente na hulle eerstejaar die stembusse besoek. Ongelukkig verkies sommige om dit nie te doen nie. Hulle verkies om nie belang te stel nie. En as hulle nie deur die jaar belangstel nie, dan kan hulle nie verwag om as verantwoordelik beskou te word indien hulle by verkiesingsdag skielik wil stem nie. En dan betaam dit hulle ook nie om daaroor kwaad te word nie.

In die verlede het dit al gebeur. Vanjaar hopelik nie.

So geredeneer kan dit ook nie anders as dat die verkose liggame verteenwoordigend is van die massa nie. Diegene wat nie met hulle tevrede is nie het of teen hulle gestem of dit goed gedink dat ander maar voortgaan sonder om te protesteer. Wie ookal die nuwe leiers sal wees: Die kampusmassa is agter julle.

# Uit die Woord

Matt. 7:13, 14: *"Gaan in deur die nou poort . . . Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei . . ."*

Onse Here Jesus Christus se roepstem gaan uit tot alle mense. Dit kom nie net tot een sekere persoon, of word nie tot 'n spesifieke klas persone gerig nie.

Oor hierdie groot wye wêreld — tot in ons studentelewe — word Sy stem gehoor : skynbaar sonder aanleiding.

Ja, 'n skynbare aanleiding.

Want ons sien nie die aanleiding nie.

Maar die oog van Hom, wat almal gadeslaan, sien die pad waarop ons almal wandel.

Hy sien die ewige afgrond, waar die pad eindig.

Hy sien die poort wat wyd ooplê.

Hy sien die pad waarop ons — onbedag, onsienend, sonder kommer en sonder sorg, voortsnel na die ewigheid.

Dit is asof ons nie weet dat daar 'n ewigheid is nie.

Dit is asof ons nie bewus is van die moontlikheid, dat daar . . . nog 'n ander poort en 'n ander pad is, as die waarop byna almal bevind nie.

Daarom, word nou die aandag op die nou poort en die smal paadjie gevestig.

Die nou poort en die smal paadjie.

Dit is die pad hemel toe.

Die nou poort is so gering, dat dit verag word deur ons.

Dit is so nou, dat daar hulp, Goddelike hulp, nodig is, om daardeur te gaan.

En die paadjie hemel toe, is so smal dat dit alleen bewandel kan word deur die wat deur die Gees van God gelei word.

So roep Jesus, ons Hoogste Leraar, ons op tot bekering: Gaan in deur die nou poort!

Sal dit vir ons ook wees, die stem van een wat roep in die woestyn?

S. v.d. W.

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



# S.R.-Voorsitter

● Vervolg van bladsy 1.

1969 Studenteraad.
A.O.B. (voorsitter).
Alabama (voorsitter).
A.S.B.-komitee.
1970 Studenteraad.
A.O.B. (voorsitter).
Alabama (voorsitter).
Karnavalkomitee (voorsitter).
1971 Studenteraad (O/Voors.)
A.O.B. (voorsitter).
Primarius (Uitspan, Kompleks).

**Beleidsverklaring:**

Dit was nog altyd die mooie van 'n studentegemeenskap, dat daar gen sprake kan wees van 'n vooruit beplande strategie tot in die fynste besonderhede.

Ons besit vandag 'n studentelewe wat op 'n vaste fondament staan, danksy die beginselvastheid, die geloofsvertoue, die inisiatief en daadkrag van vorige Studenterade. Op hierdie fondament sal ek as nietige mens poog om voort te bou. Ek voel klein voor so 'n verantwoordelikheid, maar ek stel my vertroue op Hom, die Almagtige wat ook ons studentelewe oorvleuel met sy Voorsienigheid en Raad. Sover dit in my menslike vermoë is, sal ek probeer om diens te lewer waar dit van my verlang word en dit is my oortuiging dat ons studentelewe alleen kan bloei binne en vanuit die beginsels van die Calvinisme.

Dit is my beskeie mening dat die strukturele wysiging van die georganiseerde studentelewe van 1967 nog nie ten volle sy beslag gevind het nie. Daarom sal dit my strewe wees, om soos vorige studenterade steeds intern ons studentelewe te laat ontdooi. Interuniversitêre aangeleenthede is vandag van die grootste belang. Ek steun die A.S.B., maar dit sal my beleid wees om ook op Studenteraadsvlak, die verhoudingsbeleid van die Studenteraad teenoor mede Afrikaners, anderstaliges en andersvolkiges te handhaaf en uit te bou, sonder om te verval in kompeterende manie teenoor ander Universiteite. As hoogste gesagsliggaam binne die studentelewe, sien ek die Studenteraad as 'n organisasie met dienende gesag. Mag die studente van 1972 lewe en die Studenteraad van 1972 strewe.

# 1 A.O.B.



**KNOETZE J. G. (JESSICA).**
1970 B.A. Maatskaplikewerk II.
1971 Wapadredaksie.
S.S.B.
Landloopkapteine.
Onderwaterklub (sekretaresse) (1972).
Atletiekverteenwoordiger, Karlien.
1972 Sentrale Karnavalkomitee.

**Beleidsverklaring:**

Saam met die digter van die Alma Mater van die P.U. wil ek sê „Dis hier waar ons studente leer . . . om mense uit een stuk te wees gesond na liggaam en na gees, maar om die hoogste sport te bereik in wat ons doen moet ons gemotiveerd en entoesiasties wees . . .

Entoesiasme is die fondament van alle vooruitgang. Met dit is daar verwesenliking, soder dit, net verskonings . . .



**ANNALIE BARNARD (A.A.M.)**
B.Sc. Farmasie.
1971 A.O.B. komitee.
Besembosredaksie.
Pukkieredaksie.
1970 Sentrale Karnaval Komitee.
A.O.B.
Wapad.

**Beleidsverklaring:**

Die A.O.B. terrein bied baie potensiaal tot uitbreiding en hernuwing, om die hele studentegemeenskap daarby te betrek. Hiertoe voel ek 'n diensplig.

Ons leef in 'n deurmekaar wêreld. Daarom word die taak van Korps steeds groter en groter, en sal ek poog om lig te werp op probleme van ons tyd.



**KRUGER, I. J. V. (KOOS KAFFER).**
1966 Sosiologie M.A.
1967 J.V. Deo Gloria organiseerder.
Huiskomitee Makouvlei.
1968 Huiskomitee Makouvlei.
Ontheffings dinee.
1969 Primarius Makouvlei.
Burgermeester Tarentaal.
1970 Radiorama-komitee.
Burgermeester Tarentaal.
Goue Kandelaar redaksie.
Primarius Makouvlei.
1971 S.R.-verteenwoordiger
A.O.B. (ondervoorsitter)
Verkiesingskomitee.
A.S.B. Lid vir Toere.
J.V.-Deo Gloria (Ondervoorsitter).
Sentrale Karnavalkomitee (Interne ondervoorsitter).
Burgermeester Tarentaal.
1972 Sentrale Karnavalkomitee.

**Beleidsverklaring:**

Ons staan in 'n tyd van ontwikkeling met steeds groeiende studentalle op die Puk. 'n Gebalanseerde studentelewe het nog altyd bygedra tot positiewe en suksesvolle resultate.

Ontspanning sodoende, as dinamiese begrip, moet reg gekanaliseer word tot 'n vereniging van die massa, in 'n hegte eenheid. Met dit in gedagte is ons oë gerig op beplanning en verbetering van die reeds bestaande ontspanning.

Dat roeping so vervul kan word wek groot dankbaarheid. Die betoog lê in die geloof en verwesenliking van alles dienooreenkomstig.



**S. R. (RUDI) VAN DER WALT.**
B.Sc. (Industrieële Chemie) III.
Eerstejaar: 1969.
1970 Alabama Beligting.
1971 A.O.B. Penningmeester.
A.O.B. Diskoteekkomitee Voorsitter.
Alabama Beligting.
J.V. THIATIRE Bestuur.

**Beleidsverklaring:**

In kort wil ek net stel dat ek die beleid van die Raad van die universiteit en daarom ook die van die studenteraad tenvolle steun.

Die A.O.B. se taak is om vir die student, op georganiseerde vlak, afleiding te gee van sy akademiese verpligtinge. Soos die A.O.B. gedurende 1971 vir verskeie hoogtepunte gesorg het, sal ek my tenvolle beywer vir nog meer hoogtepunte, nie net deur van bestaande geriewe meer te benut nie, maar ook om heeltemal nuwe geleenthede te probeer skep.



**C. S. GROBLER (FANIE).**
Th.BI (1968).
1970 Karnaval bestuur.
1971 Besembos Redaksie.

Dit is wesenlik aan 'n studentegemeenskap dat daar 'n behoefte aan ontspanning moet wees. Aan die behoefte moet voldoen word en daarom is daar 'n hoofbestuur soos die A.O.B. Maar laat ons onthou dat ons ontspanning nie mag bots met ons beginsels nie. My dansmotief is egter primêr. Laat ons ontspanning pas by ons leuse "In U Lig"



A.O.B. en P.N.B.

**G. C. VAN DER MERWE (TRUDIE).**
B.A.—P.W. III.
1971 Wapadredaksie.
A.O.B. Komitee.
Muurbalsekretaresse.
A.S.B. Kongres (waarneemster).
1972 Sentrale Karnarval Komitee.
1971 P.U. Kaner.

In die lig van die nuwe ontspanningsfasiliteite wat onlangs op die Puk deur die A.O.B. geskep is, wil ek die geleentheid benut om deur middel van hierdie nuwe moontlikhede 'n gees van samehorigheid onder die Pukke te skep sodat hulle nie elders ontspanning sal soek nie.

Wat P.N.B. betref wil ek ons studente meer politiek bewus maak vir wat in ons eie land gebeur, aangesien dit vir ons in hierdie dekade te midde van baie strominge, nodig is om eers ons eie landsbeleid onder die mikroskoop te plaas, daaroor te redenaar en tot 'n eie konklusie te kom.



**T. (THERON) KRUGER.**
B.A. III 1968.
1969 A.O.B.-Fliekkomitee.
1970 Propedeutiese bestuur.
Kaptein Hengelklub.
1971 Kaptein Hengelklub.
Makouvlei Huiskomitee.
A.O.B.-Hoofbestuur.
S.S.B.-Hoofbestuur.
A.B.K.K.-Interkoshuisverteenwoordiger.

**Beleidsverklaring:**

Om 'n mens self goed voor te stel is voorbarig. Ook gevaarlik, want dit is beter om min te sê en meer te doen as om baie te sê en dit nie alles te doen nie. In daardie lig wil ek slegs dit sê: Met my gebrekkige menslike vermoëns sal ek poog om die ontspanning op die Puk aan te pas by die snelle ontwikkeling van die Universiteit waardeur daar meer en meer leemtes kom, altyd vertrouende op insig en leiding groter as die van die mens.



**N. W. (NICO) LIGTHELM,**
B.A. III, 1968.
1969 A.O.B.-Spelekomitee.
1970 Besembos Redaksie.
Goue Kandelaar Redaksie.
Sekr. Fotografiese Vereniging.
1971 Studenteraadsverteenwoordiger — A.O.B.
Sekretaris — A.O.B.-Hoofbestuur.
A.B.K.K.-Hoofbestuur.
Karnavalkomitee.
Pukkie Redaksie.
Besembos Redaksie,
Wapad Redaksie.
1972 Voorsitter — Karnavalkomitee.

**Beleidsverklaring:**

Met die hedendaagse snelle ontwikkeling van ons Alma Mater, is dit uiters noodsaaklik dat ons as studente 'n gebalanseerde ontspanning moet beoefen.

Daar is ontspanning — sport — wat die S.S.B. aanbied, wat nie op ons terrein val nie, maar ek sal poog om die georganiseerde ontspanning wat die A.O.B. aanbied, so wyd en impulsief as moontlik te bevorder. Ek sal verder poog om die kroon op ontspanning te plaas aan hierdie Universiteit.

Ek stel my ten doel om ook nuwe oorspronklike ontspanning, wat reëlmatig deur die jaar georganiseerd moet wees, aan te bied. Dit moet ontspanning wees waarby die hele massa baat sal vind. Ek sal verder poog om die ontspanning wat ons almal ken, verder uit te bou, tot meer aantreklikheid vir elk en ieder.

Maar boweal hou ek my oë gerig op Hom van wie ons krag sal kom om al ons ideale te verwesenlik.

**P. J. (PIET) TALJAARD.**
B.Comm. B.A. I.
1971 Huiskomitee Hombre.
A.O.B.-Hoofbestuur.
Voorsitter Spelekomitee.

**Beleidsverklaring:**

In die geval van my verkiesing sal ek poog om in die eerste plek die beginsels van hierdie universiteit uit te leef en van daardie beginsels as uitgangspunt sal ek poog om die ontspanning op die P.U. uit te brei na 'n aspek van die studentelewe waarna elke ware Puk sal kan uitsien. Met die grondslag wat daar reeds gestel is as vertrekpunt sal ek poog om daarop voort te bou en dit te verbeter in so verre die verbeterings vevordelik is vir die ontspanning op die Puk.



**T. C. BISCHOFF (TOM).**
B.Comm. (Honns).
1969/70 Fotografiese verenigingbestuur.
1970/71 Fotografiese verenigingbestuur.
1970/71 Sentraal-Akademiese-Bestuur.
1970/71 Studenteraad (Penningmeester).

**Beleidsverklaring:**

Die primêre doel van ons studenteraad is om studentebelange te behartig. Ek sal poog om beide akademiesesowel as ontspannings belange van die Puk-student te bevorder.

Die doel van die S.A.B. is om die akademiese aktiwiteite van die studente saam te snoer en te koordineer. Hierdie liggaam staan nog in sy kinderskoene en daar is ruim ontwikkelingsmoontlikhede.

Op ontspannings gebied soek ons altyd iets nuuts en ek sal poog om in hierdie behoefte te voorsien.

# 2 A.B.K.K.



**(KONKIE) S. C. VAN DER WALT.**
B.A. II 1969.
1969 Voorsitter van die Voortrekkers.
Lid van S.A. Universiteite Atletiekspan.

● Vervolg op bladsy 4.

# 2 A.B.K.K.

● Vervolg van bladsy 3.

1970 Voorsitter van die Voortrekkers.
Lid van Junior S.A. Atletiekspan.
1971 Voortrekkers (Voorsitter).
Lid vir A.B.K.K.
1971/72 T.S.V.-bestuur.

**Beleidsverklaring:**
Ek glo nie iemand kan hom 'n universiteit voorstel sonder sport as integrale deel van die georganiseerde studentelewe nie. Daarom is veral die S.S.B. daar om sportbeoefening aan die P.U.K. op 'n gesonde basis te hou. Dit is my voorneme om in my swakke menslike vermoë deur die genade van God, 'n aandeel te lewer om sport op die P.U.K. kerngesond en aantreklik te hou. Dit is 'n moeilike taak, maar by Hom is alles moontlik! Wie bid, ontvang!

**NICO LIGTHELM**
Sien 1.



**J. NAGTEGAAL (JAN).**
B.Sc. (1969).

1969 Stigting van Voortrekkers.
1970 Voortrekkers (Sekretaris).
1971 Voortrekkers (Voorsitter).
A.B.K.K. (Lid).
Swemklub (Herstigting).
Swemklub (Kaptein).
S.S.B. (Lid).
Dagstudente Organisasie Bestuurslid).

In hierdie tyd wat ons leef het dit nodig geword dat ons as studente onsself absoluut kan uitleef in die georganiseerde studentelewe.

Daarom sal ek myself wy vir die reg en geregtigheid van elke student, vir die uitlewing en verwesenliking van ons kuns en kultuur, die oplewing en bevordering vir hoër prestasies op ons sportfronte.



**J. A. DE KOCK.**
LL.B. I.

1969 J.V. Deo Gloria: (Penningmeester).
1970 en 1971 J.V. Voorsitter.
1970 Thalia toerlid.
1971 Volkspele (Onderleier).
A.B.K.K. (Hoofbestuur).
Liberalia (Huiskomitee).
Karnavalkomitee (Liberalia).

Die era waarin ons leef is onder andere die van 'n massamens in 'n welsynstaat. Ook hier op die Puk begin die enkeling so maklik verlore raak in die groot geheel: verva studente so maklik tot passie witeit.

Kom ons werk vir 'n aktiewe meelewing.

Ongetwyfeld 'n groot taak maar met 'n oplossing daarin dat ons moet doen-enigiets doen — binne die kader van ons oortuiginge en dit sal dan juis dien tot die uitbouing van ons kultuurskatte.



**G. JORDAAN. (JORRIE).**

1969 Alabama Studentegeselskap.
1970 Karnavalkomitee.
Alabama Studentegeselskap (Penningmeester).
1971 Ons Huis (Huiskomitee).
Alabama Studentegeselskap (Voorsitter).
Studenteraad (A.B.K.K.-verteenwoordiger).

Die A.B.K.K. beskou dit as sy plig en roeping en stel homself dit ten doel om die Afrikaanse kuns-kultuur uit te bou en te bevorder. Omdat ons studente is, moet die kunskultuur wat van ons uitgaan, staan in die lig van die mens van die jare sewentig. Omdat ons studente is van die P.U. vir C.H.O. moet die kuns-kultuur wat van ons uitgaan, staan in die Lig van die Allerhoogste. Hierdie beleidsverklaring is dan my beleidsverklaring om mee te help bou aan die kuns-kultuur van die Puk-student.



**L. H. VAN SCHAIK (LEO).**
1968 Sentrale Karnavalkomitee.
1969 A.B.K.K.-hoofbestuur.
Sentrale Karnaval Komitee.
A.B.K.K. Interkoshuiskomitee.
1969 A.B.K.K. (Hoofbestuur).
A.B.K.K. (Interkoshuiskomitee).
1971 Studenteraad-A.B.K.K.
A.B.K.K. (Voorsitter van hoofbestuur).
Huiskomitee Over de Voor.
A.B.K.K.-(voorsitter van die Interkoshuiskomitee).
Sentrale karnaval komitee.
Die Pukkie (Redakteur)
1972 A.B.K.K. (Voorsitter van hoofbestuur).

'n Beleid spruit voort uit beginsels; die beginsels waaruit my beleid formuleer word is die van die P.U. vir C.H.O. naamlik die van die Calvinisme — uit die Woord van God word die riglyne gevind.

Die studentelewe van die Puk is op hierdie riglyne gevestig, daarom sal dit my taak wees in die A.B.K.K. om dit in my menslike swakheid te handhaaf en uit te bou. Diensmotief en behartiging van studentbelange is vir my primêr sowel, binne as buite die Studenteraad.

Dit sal my erns en opregte strewe wees om: diens te lewer aan die studentegemeenskap en die universiteit.



**R. W. LOUW (RYNO).**
B.A. III (Admissie).
H.P.O.S. (Musiek).

1970 en 1971 Alabama.
1971 A.B.K.K.
1971 en 1972 Universiteitskoor Voorsitter.

Die handhaaf en uitbou van ons volk se kultuur het nog altyd vir my na aan die hart gelê. Met bietjie ondervinding van 'n vorige Studenteraad sowel as ander besture, is ek bereid en gereed om ook hier my beskeie deel te doen in belang van ons Universiteit en sy studente. Dankie.

**JOBUS KOTZE.**
Sien 4.

**JACQUES VERSTER.**
Sien 3.

# 3 S.S.B.



**M. P. VAN ROOY (TINUS).**
Honns. B.Sc. (Wiskunde).

Primarius: Heimat.
Atletiekbestuur.

Uitbreiding en bevordering van sportaktiwiteite op die Puk is net so belangrik soos die feit dat elke individu aan sport en ontspanning deel moet hê. Waar daar dan op die oomblik verwarring heers oor wat die verhoudings tussen elke sportman, sy klub, die S.S.B. en die Sportinstituut is, is dit myns insiens, om met die beste van menslike vermoëns te poog om aan bogenoemde reg te laat geskied, al klaar 'n omvangryke belofte om te maak.



**J. A. L. VAN DER COLFF (KOBUS).**
B.A. III (L.O.) 1969.

Sekretaris P.U.-Atletiekklub 1972.
Sekretaris van P.U.-Dorpstudentevereniging 1971.
Ondervoorsitter van P.U.-Staatmakers 1971.

**Beleidsverklaring:**
Sport vorm steeds 'n integrale deel van die student se studentelewe en stel die moontlikheid tot gesonde balans in die studentelewe.

Om aan hierdie behoefte te voldoen is dit my voorneme om sport op gesonde kompetisiebasis daar testel sodat elkeen, en nie net die top-sportmanne nie, die geleentheid tot sportbeoefening kry, en wel op die besondere hoë vlak waarop die sportorganisasie vanjaar waargeneem is.



**J. P. VERSTER (JAQUES)**
Ll.B. I 1968.

1968 Wes-Transvaal kleure, Gimnastiek.
1969 Sekretaris Gimnastiekklub.
1970 S.S.B.-hoofbestuur.
Wapadredaksie.
Sekretaris: Gimnastiekklub.
1971 Studenteraad.
S.S.B.-Ondervoorsitter.
Sportbeheerkomitee.
Sekretaris — Gimnastiekklub.
Retorievereniging — Voorsitter.
A.B.K.K.-hoofbestuur.
Thaliatoer.
1972 Thalia — Voorsitter.
Pukkieredakteur.

**Beleidsverklaring:**
Belange moet behartig word, maar daar moet ook verantwoording gedoen kan word. Uitdagings moet nie alleen aanvaar word nie maar moet ook die hoof gebied word.

Dit bly die kruks van elke suksesvolle termyn.

**JESSICA KNOETZE.**
Sien 1.



**N. J. GROBLER.**
(Dok. 1967 B.A.).

1967 Wapad Redaksie.
1968 Pukkie Redaksie.
1968 Thalia-Penningmeester.
1969 A.O.B. Penningmeester.
Karnaval Penningmeester.
1970 Pukkie Redakteur.
1971 Sportorganiseerder Kasteel.

My bereidwilligheid om vir die S.S.B. te staan, toon my lojaliteit teenoor die liggaam. Dit sal my doel wees om elke sportsoort op die kampus tot sy reg te laat kom om sodoende die hoogs moontlike belangstelling in elke sport te verkry.

**E. (EUGENE) VAN WYK.**
B.A. Bepl. II 1970.
1971 Voorsitter Beplannings-vereniging.
Geografie Vereniging.
S.A.B. Hoofbestuur.



**Beleidsverklaring:**
Sport aan die Puk het snel ontwikkel. Gesien in die lig dat dit 'n belangrike faset van studentelewe en ontspanning is sal ek na die beste van my menslike vermoëns my beywer om sport altyd sy regmatige plek op ons kampus te gee.



**(KONKIE) S. C. VAN DER WALT.**
B.A. II.

1969 Voorsitter van die Voortrekkers.
Lid van die S.A. Universiteite Atletiekspan.
1970 Voorsitter van die Voortrekkers.
Lid van Junior S.A. Atletiekspan.
1971 Voorsitter van die Voortrekkers.
Lid vir A.B.K.K.
1971/72 T.S.V.-bestuur.

**Beleidsverklaring:**

As studente het ons 'n baie belangrike roeping en taak t.o.v. ons kultuur. A.g.v. dekadente en bederwende invloede van buite, word dit al moeiliker om ons kultuur suiwer en gesond te hou. So is dit dan die taak van elkeen, om ook by monde van die A.B.K.K., ons kultuur te beskerm en te bevorder. Ook is dit my beskeie voorneme om met hulp van Bo, die roepstem op te volg en my te beywer vir diens ter bevordering van ons kuns - kultuur!



**C. M. ROESTORF (TRIENA).**
B.Sc. III.

1969 Wes Transvaalse Netbal A-span.
1970 Wes-Transvaalse Netbal A-span.
S.A.U. B-span.
Netbalbestuur (Onderkapteine).
1971 P.U. Netbalklub (Kapteine
S.S.B. Dagbestuur (Sekretaresse).
Intervarsity komitee.
Wes-Transvaalse Netbal A-span.
S.A.U. B-span.
Karlien Huiskomitee.

● Vervolg op bladsy 5.

# 3 S.S:B:

● Vervolg van bladsy 4.

**Beleidsverklaring:**
Ek sal probeer om sover dit binne my vermoë is, sport aan die P.U. vir C.H.O. te bevorder.



**F. J. KRUGER.**
B.Jur. et Art III (1969).
1979 en 1970:
A.O.B. Bestuur (addisionele lid).
Feeskomitee (konvenor).
Alabama bestuur en toergroep.
Eerste Rugbyspan.
Wes Transvaal Rugby O/20
1970 en 1971:
Studenteraad: P.N.B. Verteenwoordiger.
Interuniversitêre Skakeling.
P.N.B. Bestuur (Addisionele lid).
S.A.B. Bestuur (Regte Verteenwoordiger).
A.S.B. komitee (Sekretaris)
Regsvereniging (O/Voorsitter).

Om vir hierdie Universiteit en sy studente tot diens te kan wees is 'n besondere geleentheid wat aan iemand gegun word — wat nooit misbruik moet word nie — maar waarin jy ten alle tye net die beste moet gee vir die saak en die mense wie se belange daar verteenwoordig word.

**J. NAGTEGAAL.**
Sien 2.

**RYNO LOUW.**
Sien 2.



**TERSIA STRYDOM.**
B.A. III.
1971 Skerm kapteine.
1970 Protea reserwe.
1971 Protea.
Skerm (erekleure).

Ek sien die taak in dienslewering op sportgebied. As riglyn neem ek die bevordering van alle sportsoorte op die gesonde beginsel van sport soos dit aan die Potchefstroomse Universiteit beoefen word. In hierdie dienslewering sal ek my beywer vir die uitbouing van alle sportsoorte en sal ek trag om belangstelling vir sport op 'n breë front aan te wakker.

# 4 S.A.B.

**C. K. (NEELS) VAN NIEKERK.**
B. Jru et Art. III.



1970 Regsvereeniging Bestuur.
Bestuur Nasionale Federasie van Regstudente.
1971 Regsvereeniging Voorsitter
Visie - President Nasionale Federasie van Regstudente.
S.A.B. Bestuur.
A.B.K.K. Inter-koshuis komitee.
Huiskomitee Over de Voor.

**Beleid:**
Sonder mooi beloftes bied ek my dienste. Alleen poog ek om diensbaar te wees vir hierdie gemeenskap en diens kan slegs 'n plesier wees wanneer dit sonder voorbehoud geskied.



**KOTZE J. L. (KOBUS).**
1968.
Geskiedenis-Honneurs.
1968 Add. lid S.W.A.-vereniging.
Gesk. Vereniging.
1969 Sekr. van S.W.A. vereniging.
Gesk. Vereniging.
1970 Ondervoorsitter van S.W.A. vereniging.
Voors. Gesk. Ver.
A.O.B. - Karnavlakomitee;
Interkoshuiskomitee.
Huiskomitee-lid van Makovlei.
1971 Studenteraadsverteenwoordiger op die S.A.B.
Primarius van Makouvlei.

**Beleidsverklaring:**
Hoewel alle Studente hoegenaamd nie uitsluitlik studerendes is nie, moet ons tog erken dat baie geregistreer het met die primêre doel om te studeer. As Akedemiesbetrokkendes ondervind ons daagliks 'n veranderde Studentelewe, wat nugtere besinning oor sekere aspekte in ons Studentelewe soveel meer aktueel maak.

Juis in hierdie verband is dit my intense, begeerte om, met die skrale lewenservaring en -insig aan my toevertrou, hierdie Studentegemeenskap te dien na die uiterste van my vermoeë, met my oog gerig op Hom, ons Leidsman en Verlosser.



S.R. KANDIDAAT VIR P.N.B. EN S.A.B.
**O. S. H. (OCKIE) RAUBENHEIMER.**
B.A. III (1969).
1970 Thalia-toerlid.
A.O.B. Bestuur.
Hoofdirigent.
1971 Thalia-voorsitter (Toerleier).
A.S.B. Komitee.
A.O.B. Bestuur.
Hoofdirigent.
Pukkie-redaksie — Subredakteur.
P.N.B. Ondervoorsitter.
Studenteraad.

**Beleidsverklaring:**
Graag wil ek die massa bedank vir die vertroue in my gestel en wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om 'n diens te lewer aan my medestudente.

Ek sal poog om my beste te lewer te alle tye en om die beginsels van die P.U. vir C.H.O. uit te bou „In U Lig".

**TOM BISSCHOfFF.**
Sien 1.



**MARIUS KRUGER.**

Na die eerste jaar wat die S.A.B. bestaan is daar vir ons 'n fondament gelê waarop ons gerig kan voortbou. My beleid is dan ook om te poog om ten eerste 'n hegter eenheid tussen die verskillende verenigings daar te stel en ten tweede om die eenheid uit te bou tot voordeel van ons studente en universiteit.



**H. A. DE LANGE (RICKS).**
B.Sc. (Ind. Chemie) III.
1971 A.O.B. hoofbestuur.
Kasteel huiskomlid.
Voorsitter J.V. Thiatire.

Aangesien die S.A.B. nou eers in sy tweede bestaansjaar is moet daar nog baie ontwikkeling plaasvind. Dit sal vir my 'n voorreg wees om na die beste van my vermoë te help met hierdie verdere uitbouing van die S.A.B.

**J. BOTHA (BOTTER).**

Hierdie baba van die hoofliggame van die studenteraad se wiegiedae is nou verby. Indie afgelope jaar het hy ywerig die babakossies van basiese beplanning geëet en vinniggegroei. Uiterlik; minstens drie verenigings het by hom geaffilieer gedurende die afgelope termyn om sy geledere te versterk. Innerlik; deeglike beplanning is gedoen wat in die komende termyn sal uitkristaliseer in interessante aksies op sosiaal-akademiese gebied. Graag sal ek hierin my deel bydra.

# 5 P.N.B.

**C. (CHRIS) SCHOEMAN.**
B.Jur. et Art. Ll.B. I.
1970 Huiskomitee Hombre.
A.O.B.-Hoofbestuur.
P.N.B.-Hoofbestuur.
1971 Primarius Hombre.

**Beleidsverklaring:**
Indien ek verkies word sal ek dit as my taak stel om die sake van die dag op 'n vrugbare manier onder die aandag van die Puk-student te bring. Ek sal ook poog om entoesiasme op te wek ten opsigte van daardie aspek van die werklikheid wat ons almal ten seerste raak, naamlik die aktuele probleme van die dag. Ek is die mening toegedaan dat kennis en begrip van aktuele probleme alleen bewerkstellig kan word deur insig in die standpunte van anere, want daardeur word jou eie geformuleer. Ek sal gevolglik poog om so veel as moontlik uiteenlopende standpunte tot die beskikking van die Pukstudent te stel.



**J. A. BOOYENS (KOBUS).**
Ll.B. I 1967.
1968 Karnavalkomitee.
1969 Karnavalkomitee.
Virus Administratief.
1970 Karnavalkomitee.
Huiskomitee Over de Voor.
A.S.B.-Komitee.
P.N.B. Sekretaris.
Regsvereniging O/Voorsitter.
1971 Studenteraad.
A.S.B. Afvaardiging.
P.N.B. Voorsitter.
Karnavalkomitee Voorsitter.

**Beleidsverklaring:**
Die P.N.B. het 'n roeping om te vervul in hierdie studentegemeenskap en hierdie roeping is die geestelike weerbaarmaking van die student in die politieke arena. Hierdie weerbaarheid kan alleen in kennis gevind word, die verskaffing waarvan die primêre taak van die P.N.B. is

Die P.N.B. kan sy taak ten beste volvoer deur altyd ongebonde aan politieke ideologië of groepe bly en om hierdie rede mag die P.N.B. nooit die mondstuk van enige politieke organisasie word nie.

**OCKIE RAUBENHEIMER.**
Sien 4.

**FRANS KRUGER.**
Sien 4.

K.V.V. EN P.N.B.
**P. W. A. (PIETER) MULDER.**
B.A. (Perswetenskap) II.
1970 B.A. I.
1971 P.N.B.-Bestuur.
K.V.V.-Bestuur (Penningmeester).
Alabama-Bestuur (Penningmeester).
Volkspele-Bestuur (Organiseerder).

'n Studenteraad word verkies uit die studente, deur die studente en vir die studente om as hulle mondstuk na buite sowel as na binne te dien. Hier-



volgens het die Studenteraad 'n plig teenoor die groter gemeenskap naamlik om die lewensuitkyk van die wat hom gekies het en van die universiteit na buite te laat geld. Uit hierdie oogpunt stel ek my tot diens van die studente en die Universiteit.

Ek is trots daarop om 'n Christen-Afrikaner te wees en voel my daarom tuis aan die P.U. vir C.H.O. Ek sal dus daarna streef om my diensbaar te stel binne die raamwerk van my Christelike-Nasionale lewensbeskouing.

**TRUDI VAN DER MERWE.**
Sien 1.

# 6 K.V.V.



**M. SCHALEKAMP (MARIUS)**
1970 B.A. II.
1971 Reklamekomitee van die S.R.
1972 Karnavalkomitee.

**Beleidsverklaring:**
Ek glo in die Universiteit se leuse, In U Lig, om daarmee Korps se doelstellings uit te dra. Korps het 'n besondere taak in ons studentelewe en dat sal vir my 'n voorreg wees om ook hierin diensbaar te wees.

**ANNALIE BARNARD.**
Sien 1.



**P. P. (PAUL) KRUGER.**
B.A. II (1970).
1971 Korps Bestuur.
1971 Kasteel Huiskomitee.
1971 A.B.K.K. Interkoshuiskomitee.
1971 Wapadredaksie.

**Beleidsverklaring:**
In kleinheid wil ons in Korps 'n roeping vervul. Ons hoef ons egter nie te skaam vir dit wat ons na aan die hart lê nie: God is alreeds soewerein

● Vervolg op bladsy 6.

# 6 K:V:V:

● Vervolg van bladsy 5.

oor alle vakrigtings en lewensterreine. Dit wil ons in Korps bloot proklameer as gewone student teenoor student.

Ons moet alle praktiese en wettige middele hiertoe aanwend — ook weg van die konvensionele. Ek steun dus die nuwe rigting wat Korps in 1971 ingeslaan het met die informele Koshuis-selvergaderings en sprankelender Studiestukke.



**A. E. STEYN (ELIZABETH).**
B.A. III.
1969 Oosterhof (Lid van Eerstejaarskomitee).
1970 Sekretaresse: J.V. Thiatre. Sekretaresse: Franse Sirkel.
1971 Sekretaresse: J.V. Thiatre. Sekretaresse: Franse sirkel. Korpsbestuur. Waarnemer: A.S.B. Kongres.

Om te staan vir die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. en dan wel as verteenwoordiger van K.V.V., 'n liggaam wat so nou verbonde is met die Christelike grondslag van ons universiteit, impliseer so oneindig baie; dit impliseer bereidwilligheid tot selflose diens aan jou medestudent, aan jou universiteit, tot uitbreiding van die koninkryk van God, met ander woorde diens aan God tot Sy eer. Mag ek die genade ontvang om in hierdie strewe na die beste van my vermoë te volhard.

**J. BOTHA (BOTTER).**
Th.B. II.
1968 Redaksie Die Besembos. Florna Bestuur (Penningmeester).
1969 Onderredakteur Die Besembos.
1970 Hoofredakteur Die Besembos.
1971 Studenteraad S.A.B. Verteenwoordiger. Redakteur Die Goue Kandelaar.

Die bejaarde oudste hoofliggaam van die S.R. beskik oor 77 jaar ervaring, rype wysheid en energieke lewenskrag. Oud maar nooit ouderwets, want die verkondiging van die Koningskap van Jesus Christus oor alle lewensterreine bly altyd nuut en byderwets, en die uitdaging om dit in elke tyd te doen steeds Korps se voorreg. Ook my (en elke jongmens) se roeping, wat ek met volle oorgawe uit dankbaarheid wil verrig, in diens van die Koning.

**JOHAN OOSTHUIZEN.**
B.A. III.
1970 K.V.V. Hoofbestuur.
1971 K.V.V. Hoofbestuur. Karnaval komitee. Diskoteek komitee.

„Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander."

Waar ons ook in die lewe geplaas word, moet ons bydra tot die slyp van ander. Maar, ons moet ook bereid wees om self geslyp te word.



**J. R. PRELLER.**
LL.B. I.
1968/9 Wapad Sportredakteur.
1969/70 Wapad Subredakteur. Skryfwerkring bestuur. K.V.V. Bestuur.
1970/71 A.B.K.K. — Bestuurslid. A.S.B. Komitee (Penningmeester). Besembosredaksie. Retorieseverenigingbestuur.

Die uitbouing van die individualiseringsbeleid van Korps behoort vooropgestel te word, maar alleen met die kwalifikasie, dat in die proses die massagevoel nie uit die oog verloor word nie.

Met daadkrag moet gepoog word om die alreeds vitale karakter van Korps verder uit te bou en om Korps onder die aandag van 'n groter deel van die Puk-studente te bring. Hierdie proses moet plaasvind met behoud van Korps se eie gesonde beginselgrondslag.



**J. J. JANSE VAN RENSBURG (FIKA).**
B.A. II.
1970 O/20 Rugby.
1971 K.V.V. Bestuur.

Verkiesingstyd — 'n Tyd, nie om te kyk wie die beste kan praat of sy woorde die mooiste kan inspan nie maar wie homself sal kan verloën en kan dien, ja — 'n ware voetewasser wees na sy voorbeeld. Om jouself te verloën is 'n gawe, om te dien is 'n gawe, om in die klein dingetjies vlytig te wees is 'n gawe. Daarom sal ek daarna streef om myself ten volle te gee en in Sy lig my roeping te vervul.



**S, J, VAN DER MERWE (SAREL).**
B.A. Th.B. I.
1969 K.V.V. Bestuur.
1970 K.V.V. Bestuur. Wysgerige Vereniging (Voorsitter).
1971 Wysgerige Vereniging (Voorsitter).

Die mens word geroep tot diens in die Koninkryk van God. Op hierdie manier wil ek ook my roeping realiseer en is ek bereid om te dien.

**PIETER MULDER.**
Sien 5.

# Intervarsity-uitslae 1971

| | | P.U. | U.O.V.S. |
|---|---|---|---|
| 1. | **Tennis:** Eerstespanne | 10 | 8 |
| | Tweedespanne | 12 | 6 |
| 2. | **Landloop:** Mans | 21 | 68 |
| | **Dames** | 22 | 14 |
| 3. | **Stoei** | $9\frac{1}{2}$ | $1\frac{1}{2}$ |
| 4. | **Tafeltennis** | 11 | 1 |
| 5. | **Judo** | 67 | 47 |
| 6. | **Pluimbal** | 8 | 7 |
| 7. | **Muurbal** | 1 | 4 |
| 8. | **Skerm:** Mans | 6 | 11 |
| | Dames | 5 | 4 |
| 9. | **Gholf** | 2 | 2 |

10. **Dameshokkie:**

| | |
|---|---|
| Karlien 0 | Steyn 5 |
| Oosterhof 0 | Verpleeg./Kestell/v.d. Merwe 4 |
| Kulu 0 | Madelief 3 |
| Klawerhof 1 | Stad 0 |
| Heide 1 | Hobhouse 1 |
| P.U. II 0 | U.O.V.S. II 3 |
| P.U. I 0 | U.O.V.S. I 5 |

11. **Manshokkie:** P.U. — 2 U.O.V.S. — 1

12. **Netbal:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klawerhof | 7 | Madelief | 14 |
| Oosterhof | 6 | Stad | 15 |
| Kulu | 5 | Hobhouse | 14 |
| Heide | 7 | v.d. Merwe | 12 |
| Karlien | 11 | Steyn | 10 |
| P.U. III | 17 | Kestell | 5 |
| P.U. II | 18 | U.O.V.S. II | 23 |
| P.U. I | 15 | U.O.V.S. I | 18 |

13. **Rugby:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Over de Voor (C) | 11 | Vishuis/Verwoerde III | 0 |
| Dawie Dup. (C) | 5 | Reitz III | 5 |
| Over de Voor (B) | 3 | Stad II | 3 |
| Kasteel 5 | 3 | De Wet III | 11 |
| Kasteel 6 | 3 | Madelief/Stad III | 24 |
| O/20-B | 14 | De Wet I | 3 |
| P.U.-Admin. | 21 | U.O.V.S.-Admin. | 11 |
| Piet Grobler (B) | 0 | De Wet II | 8 |
| Kasteel 3 | 12 | Reitz II | 11 |
| Kasteel 4 | 3 | Vishuis II | 8 |
| Piet Grobler I | 5 | Malherbe I | 16 |
| Dawie Dup I | 5 | Madelief | 16 |
| Dawie Dup. (B) | 11 | Verwoerd II | 3 |
| Dorp (A) | 6 | Vishuis I | 11 |
| Kompleks I | 0 | Verwoerd I | 26 |
| Over de Voor I | 0 | Reitz I | 11 |
| Kasteel I | 6 | Stad I | 11 |
| Dorp (B) | 9 | Malherbe II | 3 |
| P.U. O/20 | 16 | U.O.V.S. O/20 | 0 |
| P.U. II | 9 | U.O.V.S. II | 15 |
| P.U. I | 12 | Shimlas | 9 |

## GOUE WESTE

Maandag tot Donderdag 7.00 nm
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.

**Woensdag 1, Donderdag 2:**

**FORGOTTEN PISTOLERO**

Leonard Mann, Luciana Paluzzi en Peter Martel.
Niemand 4-16.

★

**Vrydag 3, Saterday 4:**

Eerste Vertoning.

**SERENADE**

Mario Lanza.

★

Tweede Vertoning:

**FORGOTTEN PISTOLERO**

## POTCH INRY

Maandag tot Donderdag 7 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.

**Woensdag 1 en Donderdag 2:**

**THE BODY STEALERS**

George Sanders, Neil Connery

★

**Vrydag en Saterdag:**

Eerste Vertoning.

**THE BODY STEALERS**

★

Tweede Vertoning:

**SABATA**

Lee van Cleef.
Niemand 4-16.


**„Dollies-maar kom eers saam met my Volkskas toe"**



**Nie 'n sleg plek nie, Volkskas. As jou sleep daardie nuwe fliek *moet* sien, en jou fondse is skraps, vat haar saam Volkskas toe. Lekker stoele vir haar om op te sit terwyl jy geldsake gesels.**

**Buitendien, as sy jou tipe veer is, moet sy 'n Volkskas-meisie wees. Miskien kry sy jou jammer. Miskien trek sy ook geld en betaal vir haarself.**

**VOLKSKAS**
Beperk
***Waar studente deurkom met geldsake***

# REPUBLIEK MOET LEIDING NEEM

**„SUID-AFRIKA het 'n plig en roeping in Suider Afrika". Dit was die Eerste Minister se hooftema tydens die vyfde simposium van die sentrum vir Internasionale Politieke.**

Die antwoord is: Ja. Die jare is verby dat Suid-Afrika se oë op Engeland gerig is. Suid-Afrika is deel van Afrika, en dus is Suid-Afrika se oë vandag op Afrika gerig.

Suid-Afrika is bevoeg om 'n leidende rol in Afrika te speel, vanweë Sy se strategiese ligging Industrieël is Suid-Afrika ook die leier in Afrika. Suid-Afrika ook lewer al 40 persent van die totale produksie in Afrika. Ten opsigte hiervan kan Suid-Afrika se posisie in Afrika vergelyk word met die Verenigde State posisie in die Wêreld.

Opvoedkundig is daar nie 'n land in Afrika wat so 'n hoë peil van ontwikkeling as Suid-Afrika bereik het nie.

Een van die belangrikste faktore in 'n land se politiek is vandag die mate van stabiliteit wat heers. Suid-Afrika se politiek is stabiel, in ag genome dat daar slegs sewe Eerste Ministers in die laaste 60 jaar diens gedoen het.

Militêr is Suid-Afrika die mees slaanbare krag in Afrika. Advokaat Vorster het dit egter duidelik gestel dat Suid-Afrika militêr weerbaar is slegs om homself te verdedig.

Ook administatief is Suid-Afrika die land in Afrika wat die meeste ondervinding het. Swart Afrika lande het maar weinig ondervinding in verband hiermee.

Die belangrikste faktor egter wat Suid-Afrika verplig om 'n leidende rol te speel is sy ondervinding met moeilike mensverhouding, dit sluit Engeland/Afrika, Blank/Nie-Blank in.

Die konklusie uit laasgenoemde is dat Suid-Afrika wel 'n leidende rol in Afrika te bespeel het.

Om hierdie rol te speel moet Suid-Afrika van binne sterk wees. Ekonomies is Suid-Afrika so sterk as wat moontlik is.

Die probleem is sy mensverhouding. Daar is persone wat aan bevolkingsgroepe dinge in vooruitsig stel wat hulle weet hulle nie sal of kan nakom nie. Hulle lewer verklarings sonder om konsekwensies in ag te neem.

Die vraag kom aan elke burger van Suid-Afrika wil hy 'n veelrassige of 'n veelvoliige Suid-Afrika hê.

Mnr. Vorster glo aan 'n veelvolkige Suid-Afrika. Gelyke kanse en geleenthede moet aan elk gegun word.

Huidig is daar meer konsultasie met leiers in Afrika as ooit in die geskiedenis. Onlangs vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika het die Eerste Minister en die leiers van die agt swart groepe in Suid-Afrika om een konferensietafel gesit. Hy glo egter dat daar nie konsultasie moet plaasvind as daar nie rede voor is nie.

Mnr. Vorster het die baie duidelik gestel dat hy nie aan 'n oorkopeelende liggaam wat al Suid-Afrika se bevolkingsgroepe insluit, glo nie, want dan al Suid-Afrika van sy soewereiniteit moet afstand doen.

Hy glo egter dat Suid-Afrika sowel as Suidelike Afrika 'n toekoms in die bestendiging van identiteit lê. So sal wrywing beperk word.

Kanse vir ontwikkeling moet in die vooruitsig vir almal gestel word. Wat laasgenoemde betref het Suid-Afrika meer vir die ontwikkelende volke in Suidelike Afrika gedoen as ooit in die geskiedenis.

S.A. kan alleen sy rol vervul, deur die bestendiging van geloof in sy eerlike bedoelings, teenoor S.A. Daar is wel konkrete bewys gelewer van S.A. se eerlikheid.

Daar is byvoorbeeld reeds diplomatieke betrekkinge met Swart state aangegaan. Die regering is ten alle tye bereid om met swart state en tuislande te onderhandel. Verder laat S.A. hom nie deur groot moondhede voorskryf watter standpunt om in te neem nie, soos S.A. se verhouding met Rhodesië bewys het. Ook sal terrorisme deur S.A. beveg word as die bevoegde regering van 'n land hom om hulp vra.

S.A. verleen, sonder bybedoelings hulp aan buurstate, tegnies en prakties. S.A. is 'n vriend en 'n realis vir elke land wat hom nie versmaai nie. Vir elke ontwikkelende gebied wat nie genoeg werksgeleenthede plaaslik bied nie, is S.A. se deure oop. Dit geld vir buustate en tuislande.

S.A. is egter verleë oor niemand nie, laat hom deur niemand dikteer nie, en sal ook niemand dikteer nie, maar S.A. sal altyd bereid wese om leiding te gee wanneer en as dit nodig mag wees.

# OP DIE KOSHUISFRONT



**Leon Wessels en Tom Bisschoff (links) sit geselig in die sitkamer van Oosterhof. Die dames wou hulle nie laat gaan nie!** ***Foto: Fotokuns.***

**HOMBRE:**

## Verdeel en heers

**DIE bestaande asbeskoshuise wat vandag die koshuis Hombre vorm, sal van volgende jaar af verdeel wees in drie administratiewe eenhede wat tans nog as Kasteel A, Kasteel B, en Kasteel C beskryf word. Na buite sal die koshuis nog as 'n eenheid vertoon en beoog dit nog groot planne vir die teokoms, veral op sportgebied.**

Die huidige koshuis, wat in die begin van die jaar deur ongeveer 300 nuwe inwoners betrek is, het sedertdien baie verbeter van die toestande wat geheers het te midde van die bouery. Die slagaar van die verkeer is die sogenaamde „Joggie Hattingsnelweg" wat druk deur die voetgangers en fietsryers gebruik word

Die koshuis sal volgende jaar ook uiterlik anders vertoon, veral omdat daar 'n geteerde pad sal wees wat plek maak vir die ongerief wat nou verduur moet word. Daar word ook grasperke tussen die gange in die vooruitsig gestel.

**Nuwe naam.**

'n Probleem waarmee die inwoners van Hombre nou worstel is 'n nuwe naam. Die naam **Kasteel** word van volgende jaar toegeken aan die nuwe manskoshuis wat gedeeltelik in gebruik geneem sal word. Die naam **Hombre** word nog steeds vereenselwig met die kleiner koshuis van 1970 (en vroeër) en buitendien is daar reeds op die kampus van die Maties 'n koshuis met die naam Hombre.

Voorstelle vir 'n naam uit die ou Kaapse tyd word ingewag, want dit is die nuwe riglyn in die benaming vir toekomstige manskoshuise.

## Dames besluit oor Studenteraad

'n Onrusbarende feit is dat die Studenteraad dalk vanjaar geheel en al deur die dames van die Puk gekies sal word. Hierdie probleem het ontstaan nadat dit aan die lig gekom het dat die dames die mans byverre uitstof wat stemreg betref.

As voorbeeld kan gebruik word KORPS V: vir elke man wat stemreg het, het vyf dames stemreg verkry. Die koshuise Klawerhof en Kulu het die grootste aandeel hierin, naamlik 65%. Die manskoshuis met die meeste stemme is Kasteel met 'n persentasie van 85%.

Die algemene tendens is dat die kleinste dameskoshuise en die grootste manskoshuis in verhouding die meeste stemgeregtigdes het.


PRETORIASE FIRMA VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE HET VAKATURES VIR INGESKREWE OUDITKLERKE. SKAKEL 2-8681 OM 'N ONDERHOUD TE REEL.

**BULT**

**DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY**

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.**
**Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.**
**Ons het na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98 getrek.**

**TOMSTRAAT 98** **TEL. 5574**



***HUIS en TUIN***

**TEL. 4641**

★

U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

UNIEWINKELS


DIE MODERNE WINKEL VIR MODERNE MENSE

VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE

**„Die Bult" en Kerkstraat 86 b, Potchefstroom.**

**U kan gerus u bande versool by . . .**

***GOLDEN WEST RETREADERS***



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**

# INTERVARSITY



Bernard Bernardo gaan oor die een van die Pukke se drie drieë tydens die hoofwedstryd teen die Kovsies. Bernardo het op vleuel waargeneem terwyl Gerrit Botha langs die veld gesit het om sy skoen vas te maak. *Foto: Fotokuns.*



Lede van die Eerstespan afgeneem tydens die onthaal wat na afloop van die kragmeting in die Dam-restaurant gehou is. Op die foto verskyn in vrolike orde: Kobus Kotze, Riaan Lotz, Gerrit Botha, Piet Brand, Eugene van Wyk, Hennie Coetzee, Ferdi Postma en Tiny van Eck. *Foto: Fotokuns*



'n Ry singende Pukke tydens die sing-songs wat voor Intervarsity gehou is. *Foto: Fotokuns.*



Koos Kruger en Ockie Raubenheimer verskyn op die rugbyveld tydens Intervarsity. *Foto: Fotokuns*



Woensdagaand voor Intervarsity is 'n aantal sleepbankies formeel ingewy. Hier sluip die eerste gebruikers na veiliger oorde. *Foto: Fotokuns.*

# JOGGIE JANSEN — SPOOK GEVANG

**DIE PUKKE het Saterdag op Olënpark die driekuns voltooi deur die Kovsies vir die derde agtereen volgende jaar onder die stof te loop. Die Potchefstroomers het met 12 punte (3 drieë en 'n strafdoel teenoor 9 ('n drie en twee strafdoele gewen). Met rustyd was die twee spanne nog gelyk met 3-3.**

Die Kovsies het afgeskop met 'n ligte windjie van agter en het vir die grootste gedeelte van die eerste helfte verwoed aangeval. Die Pukke se verdediging het egter gehou. In die tweede helfte was die prentjie net omgekeerd.

Die wedstryd is veelal onder die voorspelers beslis waar die Pukke se agttal die grondslag vir die oorwinning gelê het. In die skrums, die lynstane en die losspel was hulle die beste daaraan toe. Soms het hulle die Kovsies in die skrums teruggestoot.

**SKOPPIES.**

Albei agterlyne het vlak gestaan en die skakelpare het baie balle weggeskop of met kort skoppies probeer aanval.

Raymond Bouwer, Kovsies se loskakel, het 'n paar keer onseker hanteer sodat Joggie Jansen nie veel skoon kanse op die aanval gekry het nie. Die Springbok-senter is in elk geval baie goed aan bande gelê deur die Pukke se senterpaar, Charles Venter en Eugene van Wyk.

**Gerhard Botha, regtervleuel van die Pukke, was die gevaarlikste speler op die veld. Elke keer wat die bal na sy kant toe gekom het, het hy sterk genael en was 'n paar keer op 'n nerf na deur**

Piet Brand en Andreis Coetzer van die Pukke was in die lynstane uitstekend en Ferdie Postma (haker) het Johan Schuster van die Kovsies oorskadu. Brand, Coetzer, en Postma se goeie werk het die Pukke in staat gestel om veral in die tweede skof die meeste aanvalswerk te doen.

**KAPTEIN.**

Vir U.V. het voorryman Daan de Wet 'n kapteinswedstryd gespeel en by tye pragtig van die lynstane weggeskil. Die Kovsies se los trio Koos Bekker, Magiel Bekker en Charles Stafford het skitterend gespeel.

Die Shimlas het eerste bloed geruik toe regtervleuel Koos Louw in die 35ste minuut van die eerste helfte oorgeduik het nadat die Kovsies-lyn takties beweeg het. Drie minute later het die Pukke se heelagter, Schalk van der Merwe die telling gelykop gemaak met 'n lang strafskop. Rustyd: 3-3.

Twaalf minute na rustyd het Piet Strydom die Shimlas met 6-3 laat voorloop toe hy met 'n strafskop geslaag het. Bernard Bernardo het die Pukke in die 16de minuut weer laat gelyk trek toe hy oorgehardloop het nadat die hele Kovsies-span gaan stilstaan het.

'n Drie deur Gerhard Botha in die 23ste minuut en nog een deur Jannie Barnard in die 35ste minuut het die Pukke se voorsprong na 12-6 laat groei. In die heel laaste minuut van die wedstryd het Japie Pienaar vir die Kobsies met 'n strafdoel geslaag om die eindtelling 12-9 in die Pukke se guns te maak.

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**

**VERLOOFRINGE**

SPAAR ten minste 50%. Gewaarborgde uitvoergehalte diamante, plus verloof- en trouringe. U koop self direk by die fabriek. OF: Ruil u diamant in vir een met 'n hoër waarde. Ook die goedkoopste troukaartjies. Tel. 6600, Potchefstroom.

# Ou Kroks tree nou uit

**BY WYSE van uitsondering het personeelspanne van die Pukke en die Kovsies ook Saterdag op die rygbyveld met mekaar kragte gemeet. Die wedstryd, wat deur 'n groot aantal ondersteuners van beide kant bygewoon is, het op 'n oorwinning van 21-13 vir die Potchefstroomers uitgeloop. Hierdie 34 punte is binne die bestek van net 40 minute aangeteken en baie van die „ou kroks" is verder opgekrok.**

Baie van die Puk-„strydrosse" was al aan die verkeerde kant van dertig, maar hulle het enduit gehou onder aanmoediging van „Praetoe" de Wet. Hulle het mens baie aan 'n gekombineerde mynspan laat dink met die silwer in hulle hare, die goud in hul tande en die lood in hul voete. Teen die einde het hul bloot op instink voort-gespeel.

Minstens twee aan Pukkant het helderbou, toegeswelde oë opgedoen sodat hulle die res van die intervarsity met een oog moes volg en 'n taamlik eensydige prentjie daarvan onthou. Een geluk is dat hulle nie nege tone verloor het nie, want dan sou die dag maar bra eentonig gewees het.

Na die wedstryd het 'n paar van die oues van dae baie beslis aangekondig dat hulle nou uit grootrugby tree. Ander het weer besluit om die stewels op te hang en voortaan in sielskoene te speel.

Oor die algemeen het die Pukke baie goed gevaar in die verskillende sportsoorte wat behalwe rugby by die intervarsity betrokke was. Hulle was met tennis (10-9), tafeltenis (11-1), stoei (9½—1½), pluimbal (8—7), vroueskerm (5—42), judo (67—47), manshokkie (2—1) en manslandloop (21—68) aan die wenkant. In die landloop het Fanie van Zijl en sy spanmaats die absolute minimum aantal punte behaal. Ses Pukke het hand-aan-hand eerste oor die wenstreep gedraf.

Die Kovsies was weer die beste daaraan toe in die vrouehokkie (5-0), muurbal (4-1), skerm — mans (16-11), netbal (18-15) en vrouelandl0op (14-22), terwyl die gholf gelykop was. Genoemde uitslae is vir die eerste spanne.

# NESERBEKER-PUNTESTAND

| Spanne | S | W | V | G | Pt. vir | Pt. teen | L.P. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit | 8 | 8 | 0 | 0 | 243 | 94 | 16 |
| Potch. Dorp | 9 | 6 | 3 | 0 | 183 | 104 | 14 |
| Goldfields-Wes | 8 | 5 | 3 | 0 | 157 | 128 | 10 |
| Rustenburg | 9 | 4 | 5 | 0 | 125 | 139 | 8 |
| R.P.M. | 6 | 4 | 2 | 0 | 110 | 56 | 8 |
| Klerksdorp | 8 | 3 | 4 | 1 | 108 | 138 | 7 |
| Strathvaal | 8 | 3 | 5 | 0 | 112 | 124 | 6 |
| Western Reefs | 8 | 3 | 5 | 0 | 119 | 136 | 6 |
| P.O.K. | 6 | 2 | 4 | 0 | 75 | 127 | 4 |
| Sasolburg | 8 | 0 | 6 | 1 | 56 | 245 | 1 |

# MIN PUKKE ONDER BAIE W-TRANSVALERS

**NA DIE wedstryd tussen Wes-Transvaal en die Westelike Provinsie op Olënpark het soveel as 29 verskillende spelers reeds hierdie siesoen die Mielieboere se trui oor die kop getrek het. Dit is bykans twee spanne. Dan was daar ook nog 'n paar posisionele veranderinge. Om onder sulke omstandighede 'n span te bou is natuurlik nie juis maklik nie.**

Wanneer nagegaan word watter spelers die verskillende posisies vanjaar gevul het dan vind mens die volgende name:

**Heelagters:**
Paul du Rand, China Vorster, Piet Strydom.

**Vleuels:**
Kobus Koortz, Koela Coetzer, Norman van Rheede, Isak Schaap (ook senter) en Bernard Bernardo (ook agtsteman).

**Senters:**
Eugene van Wyk, Frank Cato, Jannie van der Merwe en Isak Schaap (ook vleuel).

**Losskakel:**
Choppie Taylor.

**Skrumskakels:**
Dirk de Vos, Jannie Barnard en Bennie Burger.

**Voorry:**
Barry Lowe, Martin Rautenbach en Daan de Klerk.

**Hakers:**
Louis Loubser en Japie Brits.

**Slotte:**
Wilhelm Claassen, Piet Brand, Ig Wilkens en Jan Tromp.

**Kantmanne:**
Richard Owen, Os Steyn en Nico Kotze.

**Agtstemanne:**
Albie Bates, Bernard Bernardo (ook vleuel) en Johan Higgs.

Ghriespomp van der Merwe was ook 'n slag gekies om vleuel te speel, maar hy kon nie speel omdat hy nie fiks was nie.

Slegs vier spelers kon dusver in al ses die wedstryde daarin slaag om hul plekke te behou, naamlik Koela Coetzer, Choppie Taylor, Barry Lowe en Os Steyn.

In die tydperk onder bespreking het drie verskillende kapteins die provinsiale span aangevoer — Dirk de Vos, Albie Bates en Barry Lowe.

Hierdie toedrag van sake is veral aan die volgende faktore te wyte:

a. Beserings in die geval van Du Rand, Koortz, Schaap en Owen.

b. Spelers wat aan die Springbokspan afgestaan moes word in die geval van De Vos en Bates. Dit is ook die rede waarom die kapteinskap so gewissel het.

c. Diverse omstandighede soos werksomstandighede wat dit vir Loubser onmoontlik gemaak het om sy klubverpligtinge na te kom en oefeninge by te woon; 'n ou besering wat Brand verhinder het om sy gewone goeie spel te lewer; na verneem word waterblase op Rautenbach se voete wat sy spel gekortwiek het en China Vorster se huwelik Saterdag.

d. Onbevredigende vertonings deur Van Rheede, Koortz, Brits en Wilkens.

e. Onbekende redes soos in die geval van Van Wyk, Claassen, Van der Merwe en Bernardo.

Aan die ander kant was 'n paar spelers gelukkig om hulle plekke te behou en andere wat miskien die span sou versterk het kon net nie die keurders se oog vang nie.

Daar mag geredeneer word dat 29 spelers vir sewe wedstryde nie eintlik te veel is nie, maar kyk maar watter klubs vaar die beste? Die wat die minste aan hulle spanne torring.

By alles het daar ook nog 'n verandering in die Wes-Transvaalse keurkomitee ingetree en daar moes van afrigter verander word as gevolg van mnr. Johan Claassen se verkiesing tot nasionale keurder en as afrigter van die Springbokke.

Ons noem die feite sodat gesien kan word waarmee die rugby-administrateurs te kampe het. Die keurders het ook hulle probleme en sal nimmer almal kan tevrede stel nie.

Dit is nie net Wes-Transvaal wat met die hande in die hare sit nie. Die W.P. sukkel, Natal vaar nie te goed nie, Noord-Transvaal stel teleur, Griekwas kry nie net die wind van agter nie, die Vrystaat is onder en waar was Wes-Transvaal 'n paar jaar gelede? Die wiel draai maar gedurig en vir Wes-Transvaal sal hy ook weer boontoe draai.

# Ses drieë per wedstryd

Die studente het hulle aantal drieë tot 48 opgeskuif en handhaaf hulle gemiddelde van ses drieë per wedstryd. Dit lyk of hulle ook die bekers vir die twede, derde, vierde en o./20-liga gaan inpalm. Dat hulle die Kreikens-beker vir die beste algemene puntestand gaan ontvang is 'n uitgemaakte saak en te oordeel aan hulle baie drieë kan hulle ook maklik die Bosmanbeker vir die aantreklikste spel inpalm.

# ATLETIEKBESTUUR 1972

| | |
|---|---|
| Ere-President: | Prof. D. P. Smit. |
| President: | Prof. W. N. Coetzee. |
| Kaptein: | Hans Booysen. |
| Kapteine: | Ria van den Berg. |
| Sekretaris: | Kobus van der Kolff. |
| Penningmeester: | Etienne Schalenkamp. |
| Addisionele lede: | Ruanda Jacobs. |
| | Andries Krogmann. |

**LANDLOOPBESTUUR.**

| | |
|---|---|
| Kaptein: | Andries Krogmann. |
| Kapteine: | Hilta Liebenberg. |
| Sekretaris: | Dirk Schoeman. |
| Penningmeester: | Pypies Laubscher. |
| Addisionele lede: | Danie Gildenhuys en Rina Joubert. |

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

**„die potchefstroomse boekhandel"**

**TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM**

# Pukke wen Intervarsity!

**SATERDAG se intervarsity-oorwinning van 12-9 oor die Kovsies het vir die Pukke die kroon gespan op 'n buitengewoon geslaagde sportjaar. Veral die studente se eerste rugbyspan het rede om hulle bors uit te stoot — nie alleen is hulle Wes-Transvaal se kampioenskap van 1971 nie, maar ook in hulle be langrikste wedstryd van die jaar was hulle baas.**

Geen wonder dat mnre. Piet Malan, Christo Holthausen en ander wat agter die skerms gewerk het met breë glimlagte kan rondloop nie.

Laat dit dadelik beklemtoon word — die Pukke het Saterdag met 'n vasberade en begeesterde Kovsie-span te doen gekry. Gelukkig vir die Pukke was al vyftien hulle spelers terselfdertyd op hulle allerbeste. Elkeen van hulle het hom Saterdag oortref.

Daar waar 'n wedstryd gewen of verloor word — tussen die voorspelers — was die Pukke uitstaande. Stelselmatig het die Puk-agttal daarin geslaag om die Shimlas voorlangs lam in die knieë te maak. In die tweede helfte het hulle in alle opsigte die botoon gevoer.

Piet Brand en Andries Coetzer was hier twee helde, en sommer groot helde daarby. In die lynstane en in die vaste los het hulle die meerderheid balle vir die Pukke verower om hulle op die aanval te hou. Ferdi Postma se haakvoet het in hierdie opsig ook 'n groot rol gespeel.

Hennie Coetzee en Tiny van Eck se krag in die skrums en Jim van Rensburg, James Stofberg en Bernard Bernardo se dryfspel het die Kovsies verder afgetakel.

Jim van Rensburg het weer sy span mooi gelei. Onder sy aanvoering het die Pukke se span van krag tot krag gevorder en onder hom het hulle nie 'n intervarsity verloor nie. Die studente hoef nie verder as hulle rugbykaptein na 'n sportman van die jaar te gaan soek nie.

Bernard Bernardo het 'n rare drie gedruk. Toe hy die bal van 'n vyftree skrum ontvang het, het die Kovsies gaan stilstaan en hy ook. Eers toe Jannie Barnard op hom geskreeu het, het hy deurgebars voordat die Kovsies tot verhaal gekom het.

Die Kovsies beweer dat hulle 'n fluitjie gehoor het. Dit was egter beslis nie 'n fluitjie wat geblaas is nie; moontlik is hulle deur 'n geluid van een van die musiekinstrumente verwar.

Gerhard Botha (regtervleuel) se spel was kenmerkend van die Pukke se wil om te wen. Hy was in 'n ongekende aanvallende bui en net desperate keerwerk aan die kant van die besoekers het hom by 'n paar geleenthede van hulle doellyn weggehou. Op die linkervleuel het Johan Steyn bietjie honger gely, maar hy het goed verdedig.

Jannie Barnard het op skrumskakel die spel van 'n internasionale speler gelewer. By hom was daar 'n veggees aanwesig wat die Kovsies nie verwag het nie.

Dan was daar die ondeurdringbare verdediging van die Pukke se senterpaar; Charles Venter en Eugene van Wyk. Klokslag het hulle die Kovsies se senterpaar, Springbok Joggie Jansen en Pikkie du Toit, met moeder aarde laat kennis maak sodat laasgenoemde twee op die aanval bitter weinig kon uitrig.

Inderwaarheid was dit Charles Venter wat vir die beste breekslag van die dag gesorg het toe hy byna veertig tree gevorder het voordat die beweging gestuit is. By nog 'n geleentheid het hy deurgeskiet en Eugene van Wyk het ook 'n keer die voordeellyn oorgesteek.

Piet Roodt het nie 'n voet verkeerd gesit nie en hy hanteer soos 'n werklike groot losskakel.

Schalk van der Merwe het 'n suiwer heelagtervertoning gelewer. Sy strafdoel — skuins van die tientreelyn af en teen die wind minute voor rustyd — was 'n belangrike keerpunt in die wedstryd. Dit was sy beste skop van sy loopbaan. Twee keer, een keer met 'n skepdoel en een keer met 'n vervyfskop, het hy die regoppaal getref.

Om op te som: die Kovsies was goed, maar die Pukke nog beter. Die wedstryd is veelal onder die voorspelers beslis waar die Pukke genoeg gedoen het om 'n oorwinning te verdiend. Die agterlyne het mekaar goed vasgepen.

Die eintelling van 12-9 en die rustydtelling van 3-3 weerspieël die verloop van die stryd baie goed.

*Punte:* In die 35ste minuut van die eerste helfte 'n drie deur Koos Louw (Kovsies 3-0). Schalk van der Merwe maak die telling in die 25ste minuut gelykop met 'n strafdoel.

Twaalf minute na rustyd slaag Piet Strydom met 'n strafdoel (Kovsies 6-3). In die 16de minuut druk Bernardo (6-6). In die 23ste minuut 'n drie deur Gerhard Botha (Pukke 9-6) en in die 34ste minuut 'n drie deur Jannie Barnard (Pukke 12-6). In die 40ste minuut laat Japie Pienaar die bal met 'n strafdoel oor die dwarslat skuur (Pukke 12-9).



**Fanie van Zyl spring oor 'n strompie water terwyl Andries Krogman gereet maak om dieselfde te doen. Dit foto is geneem tydens die Intervarsity-landloop wat deur die Pukke gewen is. Ses mans het hande vasgehou terwyl hulle die wenstreep eerste oorsteek.**
*Foto: Fotokuns.*


DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039


# Pukke buit Neserbeker

**VANJAAR, toe dit byna die minste verwag is het die Pukke weer na twaalf jaar die Neserbeker gewen. Met 'n klinkende oorwinning van 32-8 oor Strathvaal het die studente op hulle tuisveld seker gemaak dat geen ander span meer hierdie seisoen enige aanspraak op die beker het nie.**

Die sege is behaal sonder vyf van die Pukke se gereelde eerstespanspelers en vir die grootste gedeelte van die wedstryd het hulle net 14 manne op die veld gehad. Aanvoerder Jim van Rensburg wat so graag in hierdie wedstryd wou speel, het kort na die begin 'n harde hou teen die kop opgedoen wat hom langs die kantlyn laat beland het.

Dit was 'n mooi wedstryd waar in die Pukke die mynspan van sy voete afgespeel het.

Piet Roodt het 'n volmaakte vertoning van losskakelspel gelewer. Baie van die Pukke se punte het by hom ontstaan. Sy hantering, skopwerk, breekslae en verdediging was foutloos. Sy opponente het nooit geweet wat hy gaan doen nie, want hy het sy spel voortdurend afgewissel.

Langs hom het Charles Venter met senterspel so uit die boek na vore gekom. Hy was in 'n onkeerbare en aanvallende bui en hy het die verdediging telkens met die grootste gemak geklop.

Skrumskakel Jannie Barnard het die Strathvaalspelers na hartelus gepypkan en geflous. Daar was geen einde aan sy energie nie.

Johan Steyn en Gerhard Botha wou elke keer net doellyn toe en Schalk van der Merwe was op heelagter die bestendigheid vanself.

Andries Coetzer en Hennie Coetzee het onder die voorspelers reusewerk verrig en aanhoudend vorentoe gedryf.

In Riaan Lotz, O/20-slot, wat Saterdag vir die eerste keer in die eerste span was, het die Pukke 'n slot wat nog kan Springbok word.

Ferdi Postma, wat kwansuis te lig is om vir Wes-Transvaal te speel, het Japie Britz in die haakstryd geklop. Postma het vanjaar met elke haker teen wie hy gespeel het, afgereken. Saterdag het hy net sewe voorspelers agter hom gehad maar nie een vasskopbal afgestaan nie.

PUNTE.

Vir die Pukke drieë deur Johan Steyn (2), Gerhard Botha, Piet Roodt, Louw Venter en Hans Aucamp. Schalk van der Merwe het vier vervyf en 'n strafskop behaal. Roodt het ook met 'n skepdoel punte behaal.

Vir Strathvaal het Paul du Randt 'n drie gedruk en 'n strafdoel aangeteken en John Roos het met 'n vervyfskop geslaag.

# PUKKE WEN STOEI OORTUIGEND

Die PUK wen met nege gevegte teen een terwyl een gelykop was. Dus: PUK 9½ — OVS 1½)

Die PUK het sewe gevegte met valle en twee met punte in sy guns beklink, terwyl OVS slegs een geveg met 'n val kon wen.

**Die volledige uitslae is:**

1. S. Strydom (PUK) wen B. van Straaten (OVS) met 'n val in die 2de rondte.
2. D. van Niekerk (PUK) wen B. Blignaud (OVS) met punte.
3. J. Lemmer (PUK) wen R. Rossouw (OVS) met 'n val in die 2de rondte.
4. A. v.d. Walt (PUK) wen P. Visagie (OVS) met punte.
5. A. Deacon (PUK) wen A. Masteroudes (OVS) met 'n val in die 2de rondte.
6. B. van Zyl (PUK) stoei gelyk met J. Kruger (OVS).
7. L. Kruger (PUK) verloor met 'n val teen G. Fourie (OVS).
8. D. Greeff (PUK) wen W. Fourie (OVS) met 'n val in die eerste rondte.
9. P. Hunter (PUK) wen R. de Klerk (OVS) met 'n val in die 2de rondte.
10. K. Ferreira (PUK) wen B. Blignaud (OVS) met 'n val in die 1ste rondte.
11. J. Preller (PUK) wen C. Roux (OVS) met 'n val in die 2de rondte.